# Doendinge vir Afrikaans

Nuusbrief van die
***Vriende van Afrikaans***

Jaargang 26: Nommer 3: Julie 2021

## Lees is 'n groot vreugde

Die VVA het 'n paar jaar gelede, met behulp van vrywilligers, by kleuterskole in die Stellenbosch omgewing begin voorlees. Vinnig het ons agtergekom dat daar 'n groot behoefte aan geskikte en lekker leesboeke by kleurerskole is, wat kinders sal verlei om lief te word vir boeke en lees. Ons boektrommelprojek het so ontstaan en is intussen uitgebrei na baie komponente soos boekopvoeding, voorleeswerkswinkels, leeskonferensies ensovoorts.







Die VVA vat die laaste paar jaar hande met die Taalsentrum van die Universiteit van Stellenbosch, waar doktor Vernita Beukes (Dosent en Koördineerder: Taal- en Kommunikasieontwikkeling) sorg dat hierdie projek soomloos voortgaan. Sy het die volgende te sê gehad oor wat die voorleesprojek vir haar en haar span beteken.

***"Om te lees is altyd een van my grootste vreugdes. Ek raak verlore tussen die bladsye en raak vriende met die karakters. Die enigste ding wat hierdie vreugde nog meer maak is om vir kinders ook lief vir lees te maak. Dit is dus vir die US se Taalsentrum (waar ek 'n personeellid is) 'n groot vreugde en absolute voorreg om saam met die Vriende van Afrikaans deel van 'n voorleesprojek by kleuterskole te wees."***

Ons lees tans by 12 kleuterskole voor. Daar is 'n voorleesspan van ongeveer 13 persone wat help met die voorlees. Dit is elke keer 'n groot lekkerte om die kinders se opgewonde gesiggies te sien. Covid-19 het egter ons planne ietwat in die wiele gery, maar ons probeer ons beste om hierdie projek te laat voortgaan terwyl ons gesondheidsprotokol volg.

Op 15 Junie 2021 het ons by Speelkring kleuterskool in Idasvallei voorgelees. Ons het een van Jaco Jacobs se boeke voorgelees. Die titel van die boek is *Moenie die knoppie druk nie!* Ek deel graag hierdie onderstaande e-pos van die skoolhoof.

*"Liefste Dok Vernita*

*Baie dankie vir die voorlees op Dindag, 15de Junie 2021. Ons en die kleuters het die lekker leesboek baie geniet.*

*Een van ons dogtertjies het vanoggend met 'n ou telkom foon gespeel en u storie nageboots, en elke keer benadruk, "MOENIE DIE*

Vriende van Afrikaans
'n Divisie van die ATKV

*KNOPPIE DRUK NIE".*

*Dit was soo kostelik. Weereens dankie dat ons kan deel wees van jul leesprogram.*

*Lizette Gideons*

*Prinsipaal: Speelkring Kleuterskool en nasorg"*

Voorlees vir kinders is van onskatbare waarde. Ek besef net elke keer as ons terugvoer soos hierbo kry dat ons nooit moet ophou om vir kinders te lees nie. Ek glo regtig dat dit ewigheidswaarde het!

As jy betrokke wil raak deur ons te help met die voorlees kan jy vir my 'n e-pos stuur by vernita@sun.ac.za.

---

# Lees bly 'n fees in Gauteng

## 24 Mei 2021

Die VVA het op Maandag 24 Mei 'n voorleeswerkswinkel by Laerskool Delmondeor aangebied. Melvin Tobias (ATKV-takbestuurder) het hierdie geleentheid moontlik gemaak en het gesien dat die skool 'n behoefte het aan goeie Afrikaanse leesboeke. Die skool is ook tans besig om 'n biblioteek in te rig en daaromn het hulle ook 'n boektrommel ontvang wat Mandie Ehlers (projekorganiseerder: taal) aan hulle oorhandig het. Die voorleeswerkswinkel is aan die onderwysers aangebied en aangepas vir grondslagfase en intermediêre fase onderwysers. Daar was selfs Engelse onderwysers teenwoordig en daar is baie belangstelling getoon in die Doen en Leer program.




Van links na regs: Mandie Ehlers (ATKV en VVA), Melvin Tobias (ATKV), Mev. Almarie Dada (Laerskool Delmondeor) en Mnr. Potgieter (Hoof: Laerskool Delmondeor).

## 11 Junie 2021

Saint Ives Primary School in Klispruit, Soweto het 'n groot behoefte vir Afrikaanse boeke. Hulle onderwysers is passievol oor Afrikaans en wou graag deel hê aan die VVA se voorleeswerkswinkel. Melvin Tobias (ATKV) het hierdie gelentheid weereens moontlik gemaak, omdat die skool deel is van die ATKV se taknetwerk. Ongeveer dertig onderwysers en ouers het die dag meegemaak. 'n Demonstrasie van die Doen en Leer program is gedoen en die onderwysers en ouers het verstom gestaan. Aan die einde van die werkswinkel is 'n boektrommel aan die skool oorhandig. Baie goeie terugvoer is van die skool ontvang en die onderwysers was weer begeesterd en gemotiveerd na die werkswinkel. Ons was ook gelukkig dat Janine Le Roux, Adjunkhoof van Opvoeding: Biblioteek, en haar kollegas ook by die werkswinkel was.




Foto van links na regs: Janine Le Roux (Departement van Onderwys) en ander kollegas, Mandie Ehlers (ATKV), Mev. Heradien (Skoolhoof) en Melvin Tobias (ATKV).




Opgewonde onderwysers van die skool, lede van die onderwysdepartement en die VVA en ATKV by die boektrommel.

# Boektrommels in die Weskus

Hier is Dokka Swart van Doen en Leer besig met leesdemonstrasies in Velddrif en Darling.



Sanet Lategan ontvang hier 'n boekktrommel.

"Hallo Chareldine

Baie baie baie dankie vir die groot geskenk van boeke.

Ek gebruik die boeke na twee kante toe: Op die plaas by Jeria Sending se nasorg sentrum waar ek in die middae help met huiswerk Gr1 – Gr6. En Maandae en Donderdae oggende 'n groepie kinders wat nie skool toe gaan nie.

Ek gebruik die boeke om elke keer 'n storie voor te lees en dan kan die kinders ook kies watter boek hulle wil lees. Ek sit hul naam op 'n papiertjie in die boek en dan lees hul dit as hul werk klaar is.

Ek wens jy kan daardie gesiggies sien as hul hierdie nuwe skoon boek optel en daardeur blaai. Kosbaar. Sê asb. vir almal wat betrokke is baie baie dankie.

As uitgetrede onderwyseres waardeer ek dit en eeeeeendag gaan die kinders ook besef wat se geweldige geskenk dit was. Die voorreg van boeke lees en so leer is onvervangbaar.

Sterkte met julle wonderlike werk.

Kom kuier gerus vir ons.

Sanet Lategan"

# Ebenezer Primêr spog met splinternuwe boeke

Ebenezer Primêr in die Paarl het op Vrydag 4 Junie 2021 tydens 'n voorleeswerkswinkel 'n boektrommel van die ATKV ontvang. Die boektrommelprojek is die VVA se vlagskipprojek en bestaan uit verskeie komponente naamlik: boekopvoeding, boektrommeloorhandiging, voorleeswerkswinkel, leeskonferensie, leesles-demonstrasie en voorlees.



Die voorleeswerkswinkel was vir vyftien grondslagfase-opvoeders aangebied en die skoolhoof het ook die sessie bygewoon. Judith Coetzee, 'n onafhanklike leesterapeut (Doen en Leer) by die skool, het in samewerking met die VVA gehelp om al die reëlings te tref.

Tydens ons voorleeswerkswinkels word die volgende beklemtoon:

- Lees is 'n vaardigheid en moet ontwikkel word.
- Voorlees en lees ontwikkel 'n kind se verbeelding, brei sy/haar woordeskat uit en ontwikkel 'n kind se taalvermoëns.
- Lees/voorlees sluit 'n hele nuwe wêreld vir 'n kind oop en leer hulle om te voorspel en onafhanklik te dink.
- Ouers en opvoeders moet lees deel van hulle kinders/leerders se daaglikse roetine maak en byvoorbeeld die dag met 'n lekker storie afsluit.
- Weet wat jou kind/leerder se voorkeure en belangstelling is en lees boeke wat vir hulle lekker of interessant is. Indien ouers of opvoeders tyd maak vir lees, sal kinders verstaan dat lees belangrik is.
- Boeke met mooi illustrasies trek ook kinders se aandag en sal hul belangstelling prikkel om te lees.
- Deur vir kinders voor te lees en hulle aan die regte boeke en stories bloot te stel, ontwikkel 'n liefde vir lees en kan ons verseker dat kinders lewenslange lesers word.
- Die waarde van boeke en die hantering daarvan moet so vroeg as moontlik vir kinders geleer word.



Grondslagfaseopvoeders het saam met die skoolhoof die voorlees-werkswinkel bygewoon: Agter: Ashné Lottering, Kerry-Lee Jardine, Shakeelah Bruintjies, Mandie Ehlers en Chareldine van der Merwe (VVA), Judith Coetzee en Freddie Matthee (skoolhoof). Voor sit Gabriella van Zyl en Mariëtte Harker. Foto: Chantélle Hartebeest (Paarl Post).



Mandie en Chareldine.



Chareldine lees vir die Afrikaanse Graad R-leerders voor uit Prinses Pampoenpit.



Mandie lees vir die Engelse Graad R-leerders voor.

## BRIEWE

Hallo Chareldine,

My hart klop warm vir die pragtige nuusbrief met al die positiewe inligting, baie dankie  Ek kry weer hoop dat Afrikaans sal gedy met al die jong kinders wat voorsien word van die pragtige kinderboeke.

Vriendelike groete,

***Belia Olivier***

Môre Chareldine

Julle en hierdie nuusbrief laat my hart warm klop. Wonderlik dat julle dag na dag voortgaan met hierdie saakmakende werk.

***Amanda de Stadler***

Taalpraktisyn

*(Vervolg op bladsy 5)*

Subject: **Re: Nuusbrief**

**1 Junie 2021, 08:39**

Baie dankie vir hierdie nuwe VvA-nuusbrief Chareldine, en vir die verrassende artikel op die hoofblad!

Baie groete uit 'n nou lekker sonnig Nederland,

***Carel Jansen***

---

**1 Junie 2021, 09:06**

Hallo almal van julle!

Die goeie werk gaan voort. Wonderlik. Dankie vir almal se ondersteuning deur die jare.

Geniet die somer!

***Amanda de Stadler***

Taalpraktisyn

---

**1 Junie 2021, 12:44**

Baie dankie vir hierdie reuse-eer Amanda!

Groete uit Aduard,

***Carel***

## VERSPREI GERUS DIE NUUSBRIEF

## Doendinge in Afrikaans

**NUUSBRIEF**

Redakteur: **Mandie Ehlers**
Assistentredakteur: **Chareldine van der Merwe**
Bladuitleg: **Plenti Creative**

**ALGEMENE INLIGTING**

**Straatadres:**
Cotillion Place, Technorylaan 22
Tegno Park Stellenbosch 7600

**Posadres:** Posbus 1209, Stellenbosch 7599

**Telefoon:** 021 880 1761/ 021 880 1743

**Faksnommer:** 021 880 1946

**E-posadres:**

**Mandie Ehlers:**
mandiee@atkv.org.za

**Chareldine van der Merwe:**
chareldinev@vva.atkv.org.za

**Webtuiste:** www.atkv.org.za

## Koopdinge in Afrikaans

**DIE VOLGENDE ITEMS IS BY DIE KANTOOR TE KOOP:**

1. **Dubbel-CD:** Ou Vriende van Afrikaanse kunstenaars soos Laurika Rauch, Lucas Maree en bekende kore teen R100
2. **Voetslaankaart van Tafelberg in Afrikaans** geskep deur Peter Slingsby teen R20
3. **Pieter van der Westhuizen-huldigingsbundel** (277 pp. bladmusiek van gewyde musiek) teen R160
4. **CD: Vespers van Rachmaninof** in Afrikaans teen R120
5. **Basic Afrikaans – the top 1000 words and phrases** teen R135
6. **Joernaal van Jorik – in klank** (toonsetting deur Roelof Temmingh) teen R120
7. **Die Nagbiblioteek** deur Amanda de Stadler, 'n A3-formaat voorleesboek vir kinders onder 8 jaar teen R120

(R65 posgeld per bestelling moet ongelukkig gehef word)

**Bank:**
ABSA, Tjekrekening
Rekeningnaam: ATKV
Rekeningnommer: 0170166728
Takkode: 632005

Vir buitelandse inbetalings gebruik die volgende

"Swift Code": ABSA ZA JJ

**As verwysing gebruik asb: VVA en die item** (bv. naam van CD, gedenkbundel, boektrommel ens.) E-pos of faks dan net die bewys van betaling, naam en van en ook bedrag wat inbetaal word.